# 08

**Invicta**
HOLDINGS LIMITED

www.invictaholdings.co.za

(Registrasienommer 1966/002182/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Aandeelkode: IVT) (ISIN-kode: ZAE000029773)



# FINANSIËLE RESULTATE

Inkomste styg met **25%**
Wins voor belasting styg met **42%**
Wesensverdienste per aandeel styg met **33%**

## GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

### GEKONSOLIDEERDE VERKORTE INKOMSTESTAAT

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 | % verandering |
|---|---|---|---|
| Inkomste | **3 335 496** | 2 663 398 | 25 |
| Bedryfsinkomste | **360 379** | 281 229 | 28 |
| Rente en voorkeurdividend ontvang | **212 270** | 137 247 | |
| Finansieringskoste | **(209 147)** | (162 648) | |
| Wins voor belasting | **363 502** | 255 828 | 42 |
| Belasting | **(62 646)** | (38 104) | |
| Wins vir die jaar | **300 856** | 217 724 | 38 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **263 365** | 215 994 | 22 |
| Minderheidsbelang | **37 491** | 1 730 | |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **356** | 292 | 22 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **354** | 288 | 23 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **263 365** | 215 994 | |
| Aanpassings – na belasting en minderheidsbelange indien van toepassing | | | |
| – Wins met verkoop van 'n tak | **(700)** | – | |
| – Negatiewe klandisiewaarde op besigheidskombinasie | **(88)** | – | |
| – Wins met verkoop van belang in filiaal | **–** | (779) | |
| – Wins met uitreiking van aandele deur filiaal | **(3 870)** | (22 565) | |
| – Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(6 506)** | (1 040) | |
| – Totale belastinguitwerking van aanpassings | **1 861** | 415 | |
| – Totale minderheidsbelang van aanpassings | **1 094** | – | |
| **Wesensverdienste** | **255 156** | 192 025 | 33 |
| **Uitgereikte aandele** | | | |
| Geweegde gemiddelde (000'e) | **74 007** | 73 866 | |
| Aan die einde van die jaar (000'e) | **72 703** | 74 341 | |
| Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e) | **74 325** | 75 122 | |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **345** | 260 | 33 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | **343** | 256 | 34 |
| **Totale dividende (sent)** | **138** | 104 | 33 |

### GEKONSOLIDEERDE VERKORTE BALANSSTAAT

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Niebedryfsbates** | **3 183 780** | 1 553 891 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **154 996** | 118 097 |
| Beleggings | **1 195 303** | 1 195 303 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **230 414** | 210 323 |
| Uitgestelde belasting | **34 794** | 28 681 |
| Ander langtermyn finansiële bates | **1 568 273** | 1 487 |
| **Bedryfsbates** | **2 032 453** | 1 443 374 |
| Voorraad | **1 073 812** | 875 315 |
| Handels- en ander debiteure | **733 466** | 372 316 |
| Banksaldo's en kontant | **225 175** | 195 743 |
| | **5 216 233** | 2 997 265 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 117 738** | 930 846 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **1 025 591** | 886 161 |
| Minderheidsbelang | **92 147** | 44 685 |
| **Niebedryfslaste** | **2 776 809** | 1 204 270 |
| Langtermynlenings | **2 764 662** | 1 193 311 |
| Uitgestelde belasting | **12 147** | 10 959 |
| **Bedryfslaste** | **1 321 686** | 862 149 |
| Korttermynlenings | **7 325** | 19 440 |
| Handels- en ander krediteure | **1 236 315** | 780 066 |
| Voorsienings | **62 742** | 62 301 |
| Bankoortrekkings en bankaksepte | **15 304** | 342 |
| | **5 216 233** | 2 997 265 |

### GEKONSOLIDEERDE VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **292 574** | 364 698 |
| Finansieringskoste | **(209 147)** | (162 648) |
| Dividende betaal | **(93 972)** | (55 152) |
| Belasting betaal | **(58 317)** | (25 211) |
| Rente en dividend ontvang | **212 270** | 137 247 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(39 985)** | (11 474) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsaktiwiteite | **(1 427 511)** | 32 439 |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van aandele uitgereik | **1 488** | 4 200 |
| Netto kontantuitwerking van lenings aangegaan/(terugbetaal) | **1 337 070** | (9 424) |
| Netto toename in kontant en kontantekwivalente | **14 470** | 274 675 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **195 401** | (79 274) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **209 871** | 195 401 |

### GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| **AANDELEKAPITAAL** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **3 717** | 3 693 |
| Tesourieaandele | **(89)** | – |
| Aandele uitgereik | **7** | 24 |
| Saldo aan einde van jaar | **3 635** | 3 717 |
| **AANDELEPREMIE** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **281 234** | 277 058 |
| Tesourieaandele | **(49 304)** | – |
| Aandele uitgereik | **1 481** | 4 176 |
| Saldo aan einde van jaar | **233 411** | 281 234 |
| **BEHOUE VERDIENSTE** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **588 011** | 426 673 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **263 365** | 215 994 |
| Dividende betaal | **(87 679)** | (54 656) |
| Saldo aan einde van jaar | **763 697** | 588 011 |
| **ANDER RESERWES** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **13 199** | 8 872 |
| Aandele-appresiasieregte uitgereik | **9 672** | 4 352 |
| Voortspruitend uit omrekening van buitelandse bedrywighede | **1 977** | (25) |
| Saldo aan einde van jaar | **24 848** | 13 199 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **1 025 591** | 886 161 |
| **MINDERHEIDSBELANG** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **44 685** | 2 235 |
| Verdienste toeskryfbaar aan minderhede | **37 491** | 1 730 |
| Dividende betaal aan minderhede | **(6 404)** | (580) |
| Netto belegging in filiale | **16 375** | – |
| Ekwiteitsinset deur minderhede | **–** | 41 300 |
| Saldo aan einde van jaar | **92 147** | 44 685 |

### ANDER INLIGTING

| | 2008 | 2007 |
|---|---|---|
| Skuld:Ekwiteit-verhouding (%) (uitgesonderd die langtermynbefondsingskuld deur beleggings en lenings gesekureer) | **1%** | – |
| Depresiasie en amortisasie (R'000) | **22 918** | 22 696 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 410,7** | 1 192,0 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 093,7** | 909,1 |
| Kapitaalbesteding (R'000) | **39 985** | 16 016 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **1 724** | 3 750 |
| Kapitaalverbintenis (R'000) | **623** | 1 298 |

| **BESIGHEIDSVERKRYGINGS** | **2008 R'000** |
|---|---|
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 23 647 |
| Voorraad | 33 919 |
| Handels- en ander debiteure | 13 801 |
| Banksaldo's en kontant | 13 685 |
| Langtermynlenings | (4 332) |
| Uitgestelde belasting | (2 342) |
| Handels- en ander krediteure | (26 042) |
| Belasting | (2 353) |
| Klandisiewaarde voortspruitend uit verkryging | 15 516 |
| Billike waarde van verkreë bates | 65 499 |
| Toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers | (19 378) |
| Koste van verkrygings | 46 121 |
| Banksaldo's en kontant verkry | (13 685) |
| Negatiewe klandisiewaarde in inkomste erken | (88) |
| Bykomende belang in filiaal verkry | 6 407 |
| Netto kontantuitwerking van verkryging van filiale | 38 755 |

## AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE INLIGTING

**Opstellingsgrondslag**

Die gekonsolideerde verkorte finansiële state is ooreenkomstig IRS34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika en die noteringsvereistes van JSE Beperk opgestel. Die vernaamste rekeningkundige beleide en metodes van berekening is konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar behalwe vir die uitwerking van IFRS 7 wat nie die groep se resultate beïnvloed nie.

## KOMMENTAAR

**Groepaktiwiteite**

Die Invicta Groep bly 'n belangrike streekspeler in die invoer en verspreiding van:

- Laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte, ratmotore en hegstukke ("Bearing Man")
- Landboumasjinerie en -toerusting ("Northmec") en New Holland SA ("New Holland")
- Konstruksie- en grondverskuiwingstoerusting, grasbaanversorgingstoerusting en gholfnutsmotors ("CSE")
- Motor- en motorfietsonderdele ("Autobax")
- Vloerteëls, muurteëls en sanitêre ware ("Tiletoria").

**Finansiële oorsig**

Die groep het weer uitstekende resultate behaal. Omset het vir die eerste keer R3 miljard oorskry, wins was meer as R300 miljoen en 'n aantal strategiese verkrygings is gedoen.

Handelstoestande in die meeste sektore van die groep was sterk gedurende die jaar en is gesteun deur die opbloei in mineraal- en landbouhulpbronne. Groepinkomste het met 'n gesonde R672 miljoen (25%) tot 'n nuwe hoogtepunt van R3 335 miljoen gegroei. Bedryfsinkomste het met 28% tot R360 miljoen gegroei en bedryfsmarges het effens verbeter van 10,6% tot 10,8%. Wins voor belasting het met 42% tot R364 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n finansiële transaksie waardeur leenkoste verlaag en bykomende beleggingsinkomste verkry is. Wins na belasting het met 38% tot R301 miljoen verbeter en wesensverdienste per aandeel het met 33% tot 345 sent per aandeel gegroei.

Die resultate is besonder verblydend met inagneming van die verwaterende uitwerking van ons SEB-transaksie, wat daartoe bygedra het dat die minderheidsaandeel van winste van R1,7 miljoen tot R37,5 miljoen gegroei het. R31,3 miljoen hou verband met die SEB-transaksie.

**Bearing Man**

Bearing Man het sy goeie groeirekord voortgesit. Inkomste het met R188 miljoen (14%) tot R1 543 miljoen gegroei. Goeie margebestuur en kostebeheer het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 27% tot R221 miljoen toegeneem het, wat neerslag vind in 'n bedryfswinsmarge van 14,3%, 'n toename vanaf 12,8% verlede jaar. Bearing Man bly die grootste bydraer tot groepwinste en het met verskillende inisiatiewe begin om sy groei vol te hou, insluitende die voorsiening van 'n nuwe handelsmerk en 'n grootskaalse logistiese ondersoek.

**Kapitaaltoerusting**

Invicta se kapitaaltoerustingafdelings het goed gepresteer en omset het met R392 miljoen tot R1 701 miljoen toegeneem, 30% hoër as verlede jaar. Dié groei was meestal afkomstig uit die landbousektor, wat deur hoë graanpryse en goeie reëns aangedryf is. Uitvoerverkope na Afrika, wat oor die algemeen eenmalig is, was R100 miljoen gedurende die jaar. Die groep se gekombineerde trekkerverkope het tot gevolg gehad dat Invicta die voorloper in trekkerverkope in Suid-Afrika vir die kalenderjaar 2007 was. CSE, die grondverskuiwingsmasjinerie-afdeling, het steeds mededingende marktoestande ondervind. Hoewel volumes in die bedryf sterk was, was marges onder druk weens mededinging. CSE se omset het met 18% gegroei, maar druk op marges het veroorsaak dat bedryfswins slegs 5% hoër as verlede jaar was.

**Tiletoria**

Die teëlbedryf in Suid-Afrika het die uitwerking van die verlangsaming in die behuisingsektor weens hoër rentekoerse en die verlangsaming in BBP-groei begin voel. Tiletoria, wat met ingang van 1 Junie 2007 verkry is, het nietemin goed gepresteer hoewel sy bydrae tot die groep nog nie wesenlik is nie.

**Beleggings**

Gedurende die tweede helfte van die finansiele jaar het die groep 'n bykomende R1 568 miljoen verkry. Die fondse is gebruik om in langtermyn finansiele bates te belê, wat tot gevolg gehad het dat leenkoste verlaag is en beleggingsinkomste verhoog is. Die sekuriteit vir die verhoogde langtermynlaste is sodanig gestruktureer dat die groep se bedryfsbates afgekamp is en die groep se bedryfskapitaal word geensins geraak nie.

**Vooruitsigte**

Daar word verwag dat die ingenieursgebruiksgoedere-sektor sal voortgaan om teen huidige vlakke handel te dryf, gesteun deur die opbloei in hulpbronne, wat Bearing Man in staat behoort te stel om reële groei te behaal. Bearing Man is onlangs as die Suid-Afrikaanse alleenverspreider vir Pall Corporation vir dié maatskappy se industriële filtreerprodukte en vir Gates industriële dryfbande aangestel. Hoewel die verkryging van Goldquest Hydraulics deur Bearing Man nie gesluit is nie, omdat sekere opskortende voorwaardes nie nagekom is nie, ondersoek die groep steeds geleenthede in die hidrouliese bedryf.

Huidige handelstoestande in die landbousektor is ook goed alhoewel landbou-insetkoste oor die afgelope paar maande dramaties gestyg het, wat boere se winsgewendheid kan verlaag en sodoende verkope in die markte vir landboumasjinerie kan demp. Die wêreldvraag na landboumasjinerie het in die afgelope paar maande skerp gestyg. Dit het veroorsaak dat masjinerielewertye langer geword het, wat die vermoë van Invicta se landboumasjinerie-afdelings om markgeleenthede ten volle te benut, kan beperk.

Die verkryging van Doosan South Africa, die alleenverspreider van Doosan-konstruksiemasjinerie in Suid-Afrika, is met sukses afgehandel en het op 1 April 2008 effektief geword. Hierdie strategiese verkryging stel die Invicta-groep in staat om bekostigbare masjiengrawe, wiellaaiers en glipstuurlaaiers van goeie gehalte aan die mark te lewer en sodoende die groep se bestaande reeks konstruksiemasjinerie van puik gehalte aan te vul.

Die eerste stappe om Tiletoria tot 'n groot landwye speler uit te brei, is gedoen. 'n Sakeonderneming wat in Durban gesetel is, is verkry en van die Tiletoria-handelsmerk voorsien en sal die basis vir groei tot in die Gautengse mark vorm. 'n Nuwe IT-stelsel word ook geïmplementeer, wat die platform vir landwye groei behoort te verskaf. Hoewel die bestuur verwag dat die teëlbedryf nie op kort termyn lewendig sal wees nie bied dit Tiletoria die geleentheid om sy infrastruktuur met die oog op landwye bedrywighede gereed te kry en verkrygings teen goeie pryse na te streef ten einde voordeel te trek uit dit wat op lang termyn 'n lewendige bedryf behoort te wees.

Mits die vraag na mineraal- en landbouhulpbronne lewendig bly, lyk die groep se vooruitsigte vir die komende jaar oor die algemeen goed. Die groep verwag dat die omgewing van hoë rentekoerse en 'n swak rand verkrygingsgeleenthede sal oplewer wat goeie waarde vir geld bied. Met sy goeie kontantmiddele en sterk balansstaat sal Invicta in 'n goeie posisie wees om sodanige geleenthede te benut.

**Dr C H Wiese**
*Voorsitter*

**A Goldstone**
*Besturende direkteur*

## OUDITMENING

Ons ouditeure, Deloitte & Touche, het hulle mening oor die groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 uitgereik. Hulle het 'n ongewysigde ouditmening uitgereik. 'n Afskrif van hulle verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar. Hierdie opgesomde finansiële state is uit die groep se finansiële jaarstate verkry en stem in alle wesenlike opsigte ooreen met die groep finansiële jaarstate.

## DIVIDENDE

Die direksie het 'n eindkontantdividend van 91 sent per aandeel verklaar.

Ooreenkomstig die vereistes van Strate is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste datum vir verhandeling met dividend | Vrydag, 27 Junie 2008 |
| Eerste datum van verhandeling sonder dividend | Maandag, 30 Junie 2008 |
| Rekorddatum | Vrydag, 4 Julie 2008 |
| Betaaldatum | Maandag, 7 Julie 2008 |

Aandelesertifikate mag van Maandag, 30 Junie 2008, tot en met Vrydag, 4 Julie 2008, nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

| | 2008 (sent) | Toename % | 2007 (sent) |
|---|---|---|---|
| Tussentydse dividend | **47** | | 33 |
| Einddividend | **91** | | 71 |
| | **138** | 33 | 104 |

Op las van die direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Johannesburg
10 Junie 2008

Segmentinligting aangaande hierdie sakeondernemings word hieronder aangebied:

| | Ingenieursverbruiksgoedere R'000 2008 | Ingenieursverbruiksgoedere R'000 2007 | Kapitaaltoerusting en onderdele R'000 2008 | Kapitaaltoerusting en onderdele R'000 2007 | Niesegmenttoewysings R'000 2008 | Niesegmenttoewysings R'000 2007 | R'000 2008 | R'000 2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 542 741** | 1 355 179 | **1 700 909** | 1 308 219 | **91 846** | – | **3 335 496** | 2 663 398 |
| Bedryfswins voor finansieringskoste, rente en voorkeurdividend ontvang | **220 649** | 173 412 | **120 854** | 71 075 | **18 876** | 36 742 | **360 379** | 281 229 |
| Balansstaat | | | | | | | | |
| Bates | **941 163** | 772 005 | **1 055 135** | 684 949 | **3 219 935** | 1 540 311 | **5 216 233** | 2 997 265 |
| Laste | **316 559** | 251 518 | **909 867** | 526 786 | **2 872 069** | 1 288 115 | **4 098 495** | 2 066 419 |

Geografiese segmente: Die groep het segmentinligting nie volgens geografiese ligging gerapporteer nie, omdat die bedrywighede wesenlik in Suid-Afrika geleë is.

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
Invicta Holdings Beperk
3de Verdieping
Pepkorgebou
Stellenbergweg 36
Parow Industria 7493
Posbus 6077
Parow-Oos 7501

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Grondverdieping
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
Posbus 61051
Marshalltown 2107

**DIREKTEURE**
Dr CH Wiese*, C Barnard, A Goldstone, AK Masuku*, J Mthimunye#, M Rose-Innes*, DI Samuels*, RE Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters#
* Nie-uitvoerend # Plaasvervanger

**BORG**
Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

bearing man INCORPORATING Fenner POWER TRANSMISSION · NEW HOLLAND AGRICULTURE · NORTHMEC Established 1869 · CSE · AUTOBAX · Tiletoria Cape (Pty)Ltd Reg. No. 2007/002174/07 Tiles you can afford!

thegate200821412